SAKE 24 (Beeld)
Wednesday, 31 March 2010, p. 3

Sakewêreld het steeds te min vroue in top-poste

René Vollgraaff, Johannesburg

Suid-Afrikaanse vroue trek steeds aan die kortste ent wat leiersposte in die sakewêreld betref, maar hulle is daar heelwat beter daaraan toe as vroue in baie ander lande. Volgens die sakevroueverenigingen (BWA) se 2010-sensus oor vroue in leierskap is slegs 19,3% van uitvoerende bestuurders in die land vroue. Dit is ten spyte daarvan dat 51,6% van die volwasse bevolking vroue is en 44,6% van werkende Suid-Afrikaners vroue is.

Dit is effens beter as verlede jaar se 18,6%, maar beduidend swakker as 2008 se 25,3%.

Kanada se 16,9%, die VSA se 13,5% en Australië se 10,7% steek wel sleg hierby af.

"Uitvoerende bestuurders beheer maatskappye se dag-tot-dag-bedrywighede en is meestal verantwoordelik vir die sukses of mislukking van 'n maatskappy," lui die BWA se verslag oor die 2010-sensus.

"Hulle is die mees senior besluitnemers in enige onderneming, naas die direksie, en is die logiese keuse om direkteure in hul eie maatskappye en ander maatskappye op te volg."

Slegs 16,6% van alle direkteure is vroue en die 15 vroue- uitvoerende hoofde en direksievoorsitters in die land is 'n skamele 10,5% van die totaal.

Staatsentiteite vaar steeds baie beter as private maatskappye wat die verteenwoordiging van vroue in leiersposte betref.

Altesame 36,6% van alle direksieposte wat deur vroue beklee word, is in die direksies van staatsentiteite teenoor 15,6% in die direksies van JSE-genoteerde maatskappye.

Die staatsbeheerde Lughawens-maatskappy van Suid-Afrika (Acsa) het die heel beste gevaar in die 2010-sensus met 63,6% vroue-direkteure.

Spescom, wat op die JSE genoteer is, is tweede met 61,5%, gevolg deur Mix Telematics Africa met 60%, Datacentrix met 55,6% en Alexkor met 50%.

Van die 25 top-maatskappye op die JSE het Impala Platinum die beste gevaar met 40% vroue-direkteure.

Volgens die sensus is daar maatskappye wat géén vroue- uitvoerende bestuurders of -direkteure het nie. Dit sluit die konstruksiegroep Aveng, die nywerheidsgroep Grindrod, die landboumaatskappy Crookes Brothers en die verbruikersgoederegroep Taste Holdings in.

Mnr. Jimmy Manyi, direkteur-generaal van arbeid en president van die Black Management Forum (BMF) tydens die bekendstelling van die sakevrouevereniging (BWA) se sensus oor vroue in leierskap.
Foto: RENÉ VOLLGRAAFF

Vroue moet ander vroue help, sê Manyi

Dit wat gemeet word, word gedoen.

Daarom, sê mnr. Jimmy Manyi, direkteur-generaal van arbeid en president van die Black Management Forum (BMF), is dit steeds belangrik om syfers na te jaag in die strewe na transformasie en billike indiensneming.

Manyi was gister deel van 'n paneelbespreking op die bekendstelling van die resultate van die sakevrouevereniging (BWA) se sensus oor vroue in leierskap.

Manyi het ook vroue gekritiseer wat verskeie direksieposte beklee.

"Wanneer die sesde direksiepos vir jou aangebied word, hoekom sê jy nie jy weet van 'n ander vrou wat die pos kan beklee nie? As elke vroue-direkteur wat vandag hier sit net een ander vrou saam met haar ophelp, sal die aantal vroue-direkteure gou verdubbel."